# Wenke vir tydelike aanlyn leer

Jou eerste kennismaking met aanlyn leerpraktyke en -verwagtinge kan nogal angswekkend wees, want hierdie vorm van leer laat dit grotendeels aan jóú oor om te besluit waar en wanneer jy jou kursuswerk voltooi. Al daardie vryheid beteken dat jy ’n paar ekstra maatreëls sal moet tref om te sorg dat jy suksesvol studeer.

Aangesien jy nie volgens ’n vasgestelde rooster sal klas bywoon nie, sal jy skielik heelwat ongestruktureerde tyd beskikbaar hê, en kan jy dalk onseker wees oor wat om eerste te doen en hoe om met jou kurrikulum voort te gaan. Hieronder gee ons tien wenke om jou gedurende hierdie oorgang tot aanlyn leer gefokus en suksesvol te hou.

| | |
|---|---|
| **Wenk 1:** **Laai die SUNLearn-toepassing af** | Laai die SUNLearn-toepassing af om jou in verbinding met medestudente en dosente te hou. Sodoende kan jy op hoogte bly van jou modules en van wat akademies van jou verwag word. |
| **Wenk 2:** **Dink aan jou studieruimte** | Kies so ver dit moontlik is een spesifieke ruimte en probeer ál jou leerwerk daar doen. As jy van plan is om te studeer in ’n ruimte wat jy met ander deel (soos by die huis), maak seker hulle weet dit. Sorg dat daar so min moontlik dinge in jou leerruimte is wat jou aandag kan aflei. En moenie allerhande ander take probeer doen terwyl jy eenkant aanlyn leer nie. |
| **Wenk 3:** **Hou by jou rooster** | Jou dosent sal jou van aanlyn leermateriaal voorsien. Probeer hou by jou gewone lesingtye en gebruik die tyd wanneer jy normaalweg sou klas toe gaan om jou aanlyn leermateriaal te bestudeer. Jy kan selfs ’n groep van jou klasmaats vra om saam met jou by die rooster te hou. Sodoende kan julle mekaar verantwoordbaar hou en onderling vrae vra, indien dit nodig is. |
| **Wenk 4:** **Maak steeds aantekeninge** | Net omdat jy video’s oor en oor kan kyk en die PowerPoint-skyfies aanlyn beskikbaar het, beteken nie jy moenie aantekeninge maak nie. Om bloot weer en weer te lees of te kyk is immers nie ’n baie doeltreffende leertegniek nie. Probeer maak handgeskrewe aantekeninge om ’n blaaskans van al die tegnologie te neem, selfs al beteken dit jy moet die video eers stop en terugdraai. |

| | |
|---|---|
| **Wenk 5:**<br>**Gaan gereeld jou e-pos en SUNLearn-aankondigings na** | Om jou e-pos te lees is altyd belangrik. Maar noudat klasse aanlyn is, is dit absoluut noodsaaklik! E-pos en aanlyn aankondigings is die vernaamste manier waarop jou dosent met jou sal kommunikeer. Probeer dit minstens een keer per dag nagaan. |
| **Wenk 6:**<br>**Kommunikeer meer met jou dosente** | Praat en kommunikeer meer as wat jy gewoonlik sou. Aangesien jy nie persoonlik voor jou dosente sit nie, weet hulle nie of jy die werk verstaan of nie. Dis baie belangrik dat jy jou dosent virtueel kontak as daar iets is wat jy nie mooi verstaan nie. |
| **Wenk 7:**<br>**Bly in kontak met ander studente** | Soek na maniere om met ander studente in kontak te bly. Jy kan die gespreksforums op SUNLearn of enige ander vorm van virtuele kontak gebruik. Ons moet mekaar in dié tyd help. |
| **Wenk 8:**<br>**Wees voorbereid vir leer sonder 'n internetverbinding** | Gebruik jou tyd verstandig wanneer jy *wel* 'n betroubare internetverbinding het om leermateriaal af te laai of te stoor vir gebruik wanneer jy nié internet het nie. Jy kan selfs die oudiopodsendings van die video's as MP3-lêers op jou mobiele toestel aflaai om daarna te luister as jy sonder internet sit. |
| **Wenk 9:**<br>**Wees buigsaam en bedagsaam** | Ontwrigting is vir almal ewe moeilik. Wees bedagsaam teenoor jou medestudente en dosente namate hulle die ontvouende situasie probeer hanteer. Wees bereid om buigsaam te wees. Hou in gedagte dat jou dosente waarskynlik baie e-pos ontvang, so identifiseer jouself duidelik, verstrek die betrokke modulenaam en -nommer, en wees geduldig. |
| **Wenk 10:**<br>**Vra hulp** | Aangesien jy in die middel van die semester nou skielik aanlyn moet leer, is dit te begrype dat jy verward sal wees. Moenie bang wees om hulp te vra nie. Maak gebruik van die voorgestelde kommunikasiekanale en aanlyn kantoorure wat jou dosente jou gee. |

## Alle sterkte en voorspoed met die res van die semester!

SAAMGESTEL DEUR DIE SENTRUM VIR LEERTEGNOLOGIEË
EN GEMENGDELEERKOÖRDINEERDERS IN FAKULTEITE